# ONS, DIE MENSE VAN SUID-AFRIKA

ERKEN DIE ONGEREGTIGHEDE VAN ONS VERLEDE,
HULDIG DIEGENE WAT VIR GEREGTIGHEID EN VRYHEID IN ONS LAND GELY HET,
RESPEKTEER DIEGENE WAT HUL BEYWER HET OM ONS LAND OP TE BOU EN TE ONTWIKKEL
EN GLO DAT SUID-AFRIKA BEHOORT AAN ALMAL WAT DAARIN WOON,
VERENIG IN ONS VERSKEIDENHEID.

DAAROM NEEM ONS, DEUR ONS VRYVERKOSE VERTEENWOORDIGERS, HIERDIE GRONDWET AAN AS DIE HOOGSTE REG VAN DIE REPUBLIEK TEN EINDE:

DIE VERDEELDHEID VAN DIE VERLEDE TE HEEL
EN 'N SAMELEWING GEGROND OP DEMOKRATIESE WAARDES,
MAATSKAPLIKE GEREGTIGHEID EN BASIESE MENSEREGTE TE SKEP,

DIE GRONDSLAG TE LÊ VIR 'N
DEMOKRATIESE EN OOP SAMELEWING WAARIN REG-
ERING GEGRONDVES IS OP DIE WIL VAN DIE BEVOLKING
& ELKE BURGER GELYK DEUR DIE REG BESKERM WORD,

DIE LEWENSGEHALTE VAN ALLE BURGERS
TE VERHOOG & DIE POTENSIAAL VAN ELKE MENS TE ONTSLUIT &

'N VERENIGDE EN DEMOKRATIESE
SUID-AFRIKA TE BOU WAT SY REGMATIGE PLEK AS 'N SOEWEREINE
STAAT IN DIE GEMEENSKAP VAN NASIES KAN INNEEM.

MAG GOD ONS MENSE BESKERM. NKOSI SIKELEL' IAFRIKA. MORENA BOLOKA SETJHABA SA HESO. GOD SEËN SUID-AFRIKA. GOD BLESS SOUTH AFRICA. MUDZIMU FHATUTSHEDZA AFURIKA. HOSI KATEKISA AFRIKA.

CONSTITUTION HILL